**Blouberg Ridge Primary School**
**Grade 6**
**Afrikaans FAL**
**Mid-Year Examination Paper 2019**
**Marking Guidelines**

**<u>LEESBEGRIP:</u>**

Lees die volgende storie en beantwoord die vrae wat volg:

Lank, lank gelede het al die diere van Mzanzi gelukkig saamgewoon. Die lewe was wonderlik, en die kleine hasies, die streperige sebras, die vrolike seekoeie, die slim krokodille, die reusagtige olifante en die ratse apies het almal gelukkig saamgewoon… totdat 'n nare leeu sy intrek geneem het en hulle almal wou opeet!

Van daardie dag af is die diere almal heeldag bang. Eendag neem hulle egter 'n dapper besluit: hulle gaan met die leeu praat en 'n oplossing vir hierdie probleem vind.

Toe die leeu al die diere sien nader kom, is hy baie bly, omdat hy dink sy volgende maaltyd word vir hom afgelewer. Maar net toe hy begin kwyl (drool) by die gedagte aan 'n sappige happie, praat die moedige apie met hom.

Apie: Asseblief meneer Koning…a…em… ons het nodig om met jou te praat oor 'n belangrike saak. Indien jy ons almal doodmaak, sal jy nie meer die koning wees nie.



Toe begin al die diere tegelykertyd (at the same time) praat.

Sebra: Ja, jy sal niemand hê om oor te heers nie.
Krokodil: Jy sal heeltemal alleen in jou koninkryk woon.
Seekoei: En jy sal baie honger word omdat daar niemand sal oorbly om te eet nie!
Olifant: Jy sal gou van die honger dood gaan!
Hasie: Daarom het ons vir jou 'n voorstel. As jy ophou om ons dood te maak, belowe ons dat ons elke dag vir jou iemand sal stuur om te eet. Jy sal nooit weer hoef te jag nie. Jy sal net heeldag kan sit en TV kyk.

Die leeu luister na wat hulle almal te sê het.

Leeu: Julle sal my kos aflewer? Dit is 'n goeie oplossing! Ek moet julle egter waarsku: Indien julle self net een dag sou oorslaan, sal ek julle almal in een maaltyd verorber (devour)!

Dit is toe so ooreengekom. Van toe af word een dier elke dag na die leeu se lêplek gestuur, en die leeu is baie tevrede. Eendag is dit die hasie se beurt om sy lewe op te offer om voedsel vir die leeu te voorsien. Die hasie is egter nie gereed om te sterf nie, daarom het hy 'n plan beraam.

Exemplar

Stadig hop hy na die leeu se lêplek toe. Toe hy daar aankom, tref hy die leeu aan waar hy ongeduldig heen en weer stap. Hy is baie honger. Toe hy die hasie sien, word hy baie kwaad.

Leeu: Dink jy so 'n klein hasie soos jy sal vir my genoeg vleis vir die dag voorsien? Ek is baie honger, en kyk net hoe klein en maer is jy!

Hasie: Die diere het in werklikheid vir u ses hasies gestuur, meneer Koning, maar vyf van hulle is deur 'n ander leeu doodgemaak en opgeëet.

Leeu: Watter ander leeu? Ek is die koning in hierdie geweste!

Hasie: Dit was… die… daar was 'n… baie groot leeu. Die ander leeu het vir ons gesê dat hy die koning van die woud is.

Leeu: Neem my dadelik na hierdie ander leeu toe, sodat ek hom 'n les kan leer. Dit is my koninkryk hierdie!

Die hasie lei die leeu na 'n diep rivier toe. Hy vertel vir die leeu dat die ander leeu in die rivier is. Die leeu loer in die rivier in en sien sy eie spieëlbeeld in die water. Hy dink dat dit die ander leeu is. Hy uiter 'n enorme brul en spring dadelik in die water in om die ander leeu aan te val. Toe kap hy sy kop teen die rotse en verdrink. Die hasie, wat nou baie verlig is, gaan die goeie nuus aan die ander diere oordra. Van daardie dag af leef al die diere van Mzanzi weer gelukkig saam.

[*Uit: Reënboogwerkboek 1, Graad 6, Afrikaans Eerste Addisionele Taal]*

Vraag 1: ***Vlak 3*** (8)

Pas die woord in kolom A by die korrekte definisie in kolom B:

| **Kolom A** | **Antwoord** | **Kolom B** |
|---|---|---|
| 1. streperig | **1.1. b**✓ | a. Wanneer een dier 'n ander bekruip en vang. |
| 2. honger | **1.2. e**✓ | b. Patrone op 'n sebra se pels. |
| 3. hop | **1.3. g**✓ | c. Area met baie groot bome en bosse. |
| 4. jag | **1.4. a**✓ | d. Wanneer iemand te veel water inasem en dood gaan. |
| 5. woud | **1.5. c**✓ | e. Wanneer jy kos wil hê. |
| 6. verdrink | **1.6. d**✓ | f. Iets met kolle. |
| 7. heers | **1.7. i**✓ | g. Op en af beweging. |
| 8. dapper | **1.8. h**✓ | h. Iemand wat nie bang is nie. |
| | | i. Wanneer jy in beheer is. |

_____/8

Vraag 2: ***Vlak 2*** (4)

Plaas die gebeure in die regte volgorde deur die sinne se nommers in die regte volgorde te skryf.

Exemplar

| | |
|---|---|
| 1. | Die diere lewer elke dag vir die leeu kos af. |
| 2. | Die leeu val in die rivier. |
| 3. | Al die diere hou vergadering. |
| 4. | Die hasie kry 'n slim plan. |

_____3✓_____ ______1✓____ _____4✓_____ _____2✓_____


Vraag 3: ***Vlak 1*** (4)

Vul die ontbrekende woorde in:

3.1. Leeu se kos word elke dag by sy lêplek **afgelewer**✓ terwyl hy sit en **TV**✓ kyk.

3.2. Leeu sien sy eie **spieëlbeeld**✓ in die rivier.

3.3. Die diere het almal in **Mzanzi**✓ gewoon.



Vraag 4:

Beantwoord die volgende vrae in volsinne:

4.1 Gee 'n gepaste titel vir die storie. (1)

**Koning Leeu/ Hasie se slim plan (enige gepaste titel)** ✓


4.2 Wie is die slimste van al die diere? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

**Hasie✓, hy het 'n plan beraam om leeu dood te maak.** ✓

4.3 Watter les leer ons uit die storie? (1)

**Moenie gulsig wees nie/ Moenie lui wees nie (enige gepaste les)** ✓

_____/12



Exemplar

**VISUELE TEKS:**



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| sebra | stadig | bok | jaag | tier |
| vang | maanhare | vinnig | byt | tande |

Die leeu 5.1. **<u>jaag</u>**✓ die 5.2. **<u>sebra</u>**✓ oor die grasvlakte. Die leeu het 5.3. **<u>maanhare</u>**✓ om sy gesig en skerp 5.4. **<u>tande</u>**✓ in sy mond. Die sebra hardloop baie 5.5. **<u>vinnig</u>**✓**<u>.</u>**

_______/5

**[_______/25]**

**<u>TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES:</u>**

<u>Vraag 1:</u> Gee teenoorgesteldes vir die woorde in hakies. (2)

1.1. Die (groot) **<u>klein</u>**✓ hasie was te min kos om die (maer) **<u>vet</u>**✓ leeu tevrede te maak.

<u>Vraag 2:</u> Verbind die volgende sinne met die voegwoord in hakies. (2)

***Hele sin moet korrek wees om 'n punt toe te ken***

2.1. Die diere is baie ongelukkig. Leeu eet al die diere. (omdat)

Die diere is baie ongelukkig **omdat** leeu al die diere **eet**. ✓

2.2. Hasie maak 'n plan. Hy wil nie opgeëet word nie. (want)

Hasie maak 'n plan**,** **want** hy wil nie **opgeëet** word nie. ✓

<u>Vraag 3:</u> Voltooi die volgende sinne deur die voornaamwoorde in te vul. (2)

3.1. Die diere is almal bang vir leeu. **<u>Hulle</u>**✓ hou 'n vergadering om 'n plan te maak om **<u>hom</u>**✓ tevrede te stel.

_______/6

<u>Vraag 4:</u> Gee die trappe van vergelyking van die woorde in hakies. (2)

Exemplar

4.1. Leeu word elke dag (lui) **<u>luier</u>**✓ omdat die diere sy kos (vroeg) **<u>vroëer</u>**✓ as die vorige dag bring.

<u>Vraag 5:</u> Identifiseer al die bywoorde in die volgende sinne. (3)

Die diere het saans een van hulle na leeu se lêplek toe gestuur. Hasie hop stadig nader en stop net buite leeu se lêplek. Hy dink aan 'n goeie plan om van leeu ontslae te raak.

5.1. Bywoord van tyd: **<u>Saans</u>**✓

5.2. Bywoord van plek: **<u>Buite</u>**✓

5.3. Bywoord van wyse: **<u>Stadig</u>**✓

<u>Vraag 6:</u> Skryf die volgende sinne in die verlede tyd. (2)

***Hele sin moet korrek wees om 'n punt toe te ken***

6.1. Die leeu sien sy weerkaatsing in die rivier.

Leeu **het** sy weerkaatsing in die rivier **gesien**. ✓

6.2. Die diere is bly oor Leeu se dood.

Die diere **was** by oor Leeu se dood. ✓

<u>Vraag 7:</u> Skryf die volgende sinne in die toekomende tyd. (2)

***Hele sin moet korrek wees om 'n punt toe te ken***

7.1. Leeu eet al die diere.

Leeu **sal** al die diere **eet**. ✓

7.2. Leeu wag ongeduldig vir sy kos.

Leeu **sal** ongeduldig vir sy kos **wag**. ✓

<u>Vraag 8:</u> Skryf die meervoud en verkleining van die woorde. (4)

| Woord | Meervoud | Verkleining |
|---|---|---|
| boom | **8.1. bome**✓ | **8.2. boompie**✓ |
| rivier | **8.3. riviere**✓ | **8.4. riviertjie**✓ |

_______/13

<u>Vraag 9:</u> Skryf die volgende sin korrek volgens STOMPI. (1)

***Hele sin moet korrek wees om 'n punt toe te ken***

Exemplar

9.1. ongeduldig wag om sy kos te kry daagliks buite Leeu.

**Leeu wag daagliks ongeduldig buite om sy kos te kry. ✓**

<u>Vraag 10:</u> Verdeel die woord in lettergrepe en sê of elke lettergreep oop of geslote is. (2)

***Een punt vir lettergrepe, een punt vir oop en geslote wat korrek aangedui word***

10.1. seekoeie **see (oop) – koei (oop) – e (oop) ✓✓**

<u>Vraag 11:</u> Sê watter tipe sin die volgende is. (3)

11.1. Julle sal my kos aflewer? **Vraagsin ✓**

11.2. Leeu is 'n nare dier. **Stelsin ✓**

11.3. Dis my koninkryk hierdie! **Uitroepsin ✓**

_______/6

**[_______/25]**



Exemplar